# Dagboek asb!

| | |
|---|---|
| 24 Januarie | Krieketklinieke o/9 en o/11 |
| 27 Januarie | Geslagsopvoeding ouervergadering (Gr 7) 18:00 |
| | BL-komitee vergadering: Sport en Kultuur |
| | Atletiekoefening 13:45 tot 15:30 |
| 28 Januarie | Atletiek (weg) Saamspan |
| | BL-komitee vergadering: Geboue en Terrein |
| 29 Januarie | Senior revue oudisies 14:00-15:00 (Atlete kry voorkeur) |
| | Bulletjie Rugby ouervergadering 17:30 |
| | BL-komitee vergadering: Bemarking |
| | Atletiekoefening 13:45 tot 15:30 |
| 30 Januarie | Graad 7 Geslagsopvoeding |
| 31 Januarie | Krieketkliniek: o/10 vanaf 13:45 tot 15:00 en o/12 en o/13 vanaf 15:15 tot 16:45 (brief vergesel omsendbrief en was gister uitgedeel) |
| 31 Jan-2 Feb | Visvangnaweek |
| 3 Februarie | Cluster-atletiek (nie-atlete bly tuis) |
| 5 Februarie | Rugbyvergadering 18:00 |

## Cluster atletiek: Maandag

Laerskool Boerefort bied hierdie jaar die Cluster-atletiek aan daarom sal hier ongelukkig geen toesig by die skool wees op 3 Februarie nie. Nie-atlete bly asb. tuis.

## Verdaagtye volgende week:

**Die skool verdaag op Dinsdag, 28 Januarie, en Donderdag, 30 Januarie, om 13:15 a.g.v. Atletiek-(weg) byeenkomste**

BOEREFORT
WAAK EN WERK

# Omsendbrief 2

24/01/2025


De Beerstraat 325
Wonderboom-Suid, 0084

www.boerefort.co.za
boeries@boerefort.co.za

012 335 2841

## Gedagte vir die week:

**Een dag op 'n slag. Ons kan nie gister verander nie en ook nie beheer wat more gaan gebeur. LEWE VIR VANDAG!**



## Bulletjie Rugby ouervergadering:

**Vind plaas Woensdag, 29 Januarie, om 17:30.**
**Almal wat belangstel (seuns en dogters) welkom.**
**o/6 van 2024 moet ook asb. almal bywoon!**

**Baie belangrike inligting word deurgegee.**
**Organiseerder: Mnr Uli Pelser (ouer)**

## Dagboeke:

**Op toepassing van Graad 1 tot 7. R75 per dagboek.**
**Koop asb. by voogopvoeder of betaal per EFT/d6 Connect toep. Onthou bewyse!**
**GEEN WHATSAPP GROEPE! Kommunikeer asb. per skrywe in dié boekie of stuur 'n e-pos aan betrokke opvoeder.**
**Onthou asb. om persoonlike inligting op eerste bladsy te voltooi en gedragskodes te onderteken.**




## Lief en leed:

**Oom Marius White se moeder is verlede Vrydag begrawe.**
**Ons dink aan hom in hierdie hartseer tyd!**

**Me Anisha Oosthuizen, jeugwerker, trou die naweek.**
**Mag jy en Benno die wonderlike avontuur van die huwelik geniet!**

**Baie dankie aan Mnr Nico Cronje asook Mnr Johan Paulsen wat hierdie week flink opgetree het en gehelp het tydens 'n noodsituasie!**

## Atletiek



**OEFENING:**
**Maandag 13:45 tot 15:30**
**Woensdag 13:45 tot 15:30** ***(Belangstellede atlete sal verskoon word sou hulle gou eers wil deelneem aan oudisie vir Senior revue en daarna aansluit by die Atletiekoefeing).***

**BYEENKOMSTE:**
**28 Januarie (weg) Laerskool Saamspan**
**30 Januarie (weg) Laerskool Queenswood**
**3 Februarie (Cluster) Hoërskool Wonderboom**

## Sport- en Kultuur vervoerskakels:

**In die verlede het ons gebruik gemaak van 'n skeurstrokie vir busvervoer waar u toestemming verleen het dat u kind op die bus mag ry tydens 'n sport- of kultuurgeleentheid. Die uitdaging is dat die strokies nie die skool bereik nie en ons poog ook so ver moontlik om papier te bespaar. Ons skakel oor na 'n "Google" vorm. Die vorm word deur middel van 'n skakel aan u gestuur op d6 Connect. U kan dan binne enkele minute die skakel invul om toestemming te verleen vir u kind om busvervoer te gebruik. Sodra u die vorm ingevul het, verskyn dit op ons elektroniese lys. Sodoende kan ons beter rekord hou van wie op die bus ry. Ons vra dat u asseblief die toep sal dophou en indien u nog nie d6 Connect afgelaai het nie, u dit sal aflaai vanaf u "app store" (Swart ikoon) sodoende kommunikasie van die skool eerste hands te ontvang. Indien u kind se busskakel nie ingevul is nie, mag ons nie u kind op die bus toelaat nie. Hierdie is 'n opdrag en regulasies ontvang vanaf Departement Onderwys.**
**SLEGS OP TOEPASSING SOOS SPORT- EN KULTUURSPANNE VASGESTEL WORD!**
**U samewerking hierin word hoog op prys gestel. Navrae: Mnr Christoff de Beer (sport@boerefort.co.za)**

## Omgee-gesinne:

**Ouers moet asb. weer aansoekvorm voltooi sou hulle hulp van die skool benodig.**
**Vorms beskikbaar in kantoor asook by Me Chéri Wagner**

## Komiteevergaderings:

**Ouers is baie welkom om betrokke te raak by die onderskeie komitees.**
**Vergaderings vind om 18:00 plaas in die Personeelkamer/Boeriesaal:**
**27 Januarie - Sport en Kultuur**
**28 Januarie - Geboue en Terrein**
**30 Januarie - Bemarking**
**Parkering op Rugbyveld.**



## Senior revue oudisie:

**Oudisie vind plaas op 29 Januarie om 14:00-15:00 in die skoolsaal.**
**Daar sal nie weer geleentheid wees nie.**
**Almal vanaf Graad 4 tot 7 wat belangstel welkom - selfs al het leerder verlede jaar deelgeneem, moet hy/sy ook die oudisie slaag.**




## Visvangnaweek:

**Skrywe in sake die Visvangnaweek wat plaasvind vanaf 31 Januarie tot 2 Februarie reeds uitgedeel.**

**Organiseerder: Mnr Lukas Keet**

**GAAN BESOEK GERUS FISHALOT ANGLING VOOR EINDE JANUARIE OM 10% AFSLAG OP AANKOPE TE KRY. Slegs vir ouers wat deelneem aan die Visvangnaweek-kompetisie!**



## Gesondheidsdienste:




**Briewe moes terug gewees het by die skool op 24 Januarie.**
**Die susters sal ons op hoogte hou van datums.**

**Die Departement van Gesondheid in samewerking met Departement Onderwys bied onderstaande dienste aan:**

- **Ontwurmingspille word beskikbaar gestel vir Graad R tot 7.**
- **Slegs Graad 5 dogters ontvang HPV-inenting.**
- **Masels-inentings.**
- **Klem-in-die kaak (TD)-inentings.**
- **Toetse vir gehoor en sig.**

**Video waarin ons skoolsusters hulself bekendstel is op ons Facebookblad.**



## Boekbuddies:

**Vind plaas op 7 Februarie vir Graad R tot 7 leerders.**
**R50 per kind. Kontant of EFT welkom - stuur asb. briefie/bewys aan registeropvoeder.**

## Oud-Boeries:



**Charné Raubenheimer (Hoërskool Oos Moot) het op 7 en 8 Desember 2024 Tshwane Noord verteenwoordig by die Gauteng Skaak Finaal te Universiteit Johannesburg. Sy moes aan verskeie kompetisies gedurende 2024 deelneem om te kon kwalifiseer en verwerf Gauteng-Noord kleure!**

**Baie geluk, Charné! Die Boeries is ongelooflik baie trots op jou!**

## Verjaarsdae:

**Ons plaas graag die afgelope week se verjaarsdae ook aangesien ons nog nuwe maats ontvang het en niemand wil uitlaat (17 tot 30 Januarie):**

**LEERDERS:**

| | |
|---|---|
| 20 Januarie | Vuthlari Khoza |
| 20 Januarie | Vutomi Khoza |
| 23 Januarie | Zandré van Vuuren |
| 24 Januarie | Markus Cilliers |
| 25 Januarie | Raymond Coetzee |
| 25 Januarie | Jason Kruger |
| 26 Januarie | Danté Laynes |
| 27 Januarie | Janke Lerm |
| 28 Januarie | Melissa van Staden |
| 28 Januarie | Trezel Mostert |
| 29 Januarie | Johnny Zowitsky |
| 29 Januarie | Wonay Meyer |
| 30 Januarie | Abigail Paulsen |
| 30 Januarie | Markus Hiemstra |
| 30 Januarie | Lumé van Staden |



**ANDER:**

| | |
|---|---|
| 17 Januarie | Mnr Xavier Jurgens (BL lid) |
| 20 Januarie | Mnr Kobus Labuschagne (Gade Leonet snoepie |

## Luise:

**Kyk asb. gereeld in u kind se hare vir luise.**
**Ouers wie se kinders besmet is sal 'n brief ontvang.**
**Indien daar nie aandag gegee word nie, kan 'n hele klas besmet word en leerders self kan baie siek word.**

**Akrobaat word elke Maandag by Laerskool Boerefort aangebied.**







# Advertensie-geleentheid

**Hierdie is slegs 'n advertensie geleentheid vir die maatskappy/ individue om produk/diens te bemark in ons omsendbrief.**
**Laerskool Boerefort onderskryf geen waarborg of aanspreeklikheid vir enigeen wat op enige advertensies reageer nie.**